**EXAMINATIONS AND ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE**
**Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600**
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: www.ecdoe.gov.za**

# 2024 NSC CHIEF MARKER'S REPORT

| | | | |
|---|---|---|---|
| **SUBJECT** | **Afrikaans HL** | | |
| **QUESTION PAPER** | **3** | | |
| **DURATION OF QUESTION PAPER** | **3 HOURS** | | |
| **PROVINCE** | **EASTERN CAPE** | | |
| **NAME OF THE INTERNAL MODERATOR** | **Helena Fyver** | | |
| **NAME OF THE CHIEF MARKER** | **Adele Bosch** | | |
| **DATES OF MARKING** | **29 November – 12 DECEMBER 2024** | | |
| **HEAD OF EXAMINATION:** | **MR E MABONA** | | |

**SECTION 1: (General overview of Candidates Performance in the question paper as a whole)**

- Die kandidate het oor die algemeen betreklik goed in hierdie vraestel gevaar. Die onderwerpe was van so 'n aard dat die meeste kandidate wel iets kon vind om oor te skryf.
- Die feit dat die vraestel aan die begin van die eksamen geskryf is, was 'n verbetering.
- Ongelukkig is die rede waarom die meeste kandidate druip omdat daar slegs een of twee stukke geskryf is.
- Rofwerk word steeds nie aangedui nie met die gevolg dat die rofwerk nagesien moes word.
- Daar is ongelukkig nog sentrums waar die kandidate nie genoeg onderrig in beplanning, redigering en formate ontvang nie.
- Vanjaar was daar werklik 'n merkbare afname in die sogenaamde kapstokopstelle – kandidate berei 'n opstel voor en probeer dit dan by 'n onderwerp in die vraestel indwing. Dit lei soms tot mistasting.
- Die meerderheid kandidate kies steeds om verhalende of beskrywende opstelle te skryf. Alhoewel hierdie tipe opstelle meer suksesvol is, is die aanloop dikwels te lank. Soms word eers in die laaste paragraaf by die onderwerp uitgekom. Dikwels word dit net terloops genoem.
- Swakker kandidate is geneig om bespiegelend te skryf en in die najaag na die

korrekte aantal woorde, raak die opstel herhalend en sonder substans.

- Die meerderheid kandidate het ook die huldeblyk en dialoog gekies. Die formaat hiervan was grotendeels korrek.
- Dit is opvallend dat kandidate sukkel met die strukturering van hul paragrawe. Daar is te veel hoofgedagtes in een paragraaf. Die kandidate behoort meer onderrig en oefening in die skryf van paragrawe te ontvang. Dit moet duidelik gestel word dat 'n paragraaf net een hoofgedagte bevat. Sommige stelstukke bestaan selfs net uit een paragraaf.
- By die transaksionele stukke is dit duidelik dat kandidate nog merendeels met die formele register en formaat van formele skryfwerk sukkel.
- Daar was min kreatiwiteit in die samestelling van paragrawe en sinne, bv. sinne of paragrawe wat net uit een woord bestaan, paragrawe wat net een sin bevat of die gebruik van refreine.
- Die gebrek aan kreatiewe leestekengebruik was opvallend. Bittermin kandidate het dubbelpunte, kommapunte en aandagstrepe gebruik.
- Kandidate was ook glad nie kreatief in die gebruik van tipografie in hul skryfstukke nie.
- Baie kandidate het met die formele register gesukkel.
- Dit is verontrustend dat so baie kandidate net twee skryfstukke geskryf het.
- Vanjaar het kandidate dikwels ook baie kort stukke geskryf.

| SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions |
|---|
| **QUESTION 1:** |
| **(a) General comment on the performance of candidates in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |

**OPSTELLE:**

**1.1 …en toe neem ek die besluit!**

Hierdie was beslis die gewildste onderwerp. Leerders het oor die algemeen redelik goed gevaar. Die meeste leerders het 'n verhalende opstel oor 'n besluit geskryf, bv. om harder te werk, die Here aan te neem, hul geboortedorp te verlaat, beroepskeuses, om slegte vriende te vermy, ens. Soms is daar meer as een besluit geneem, die besluit het nie 'n omwenteling veroorsaak nie of in enkele opstelle is geen melding van 'n besluit gemaak

nie. Soms is verskeie besluite bespreek of dit was nie duidelik watter besluit geneem is nie.

**1.2 Is dit sosiale selfmoord?**

Hier het leerders soms lelik klei getrap. Oor die algemeen het leerders nie hier goed gevaar nie. Dit is die gevolg daarvan dat hul nie verstaan het wat met “sosiale selfdood” bedoel word nie. Tog was hier ook werklike skeppende opstelle. Soms is daar net oor selfdood oor die algemeen geskryf. Baie aandag is ook aan die invloed van sosiale media gegee. Min kandidate het by verwerping en sosiale isolasie uitgekom. In sommige gevalle is scenario’s geskep en dan gevra of dit sosiale selfmoord was.

**1.3 Ek vlieg met my eie vlerke.**

Hierdie onderwerp het hom geleen tot kreatiewe skryfwerk. Kandidate het dikwels met die woorde: “voëls”, “vlerke” en “vere” gespeel. Ongelukkig was daar ook kandidate wat hierdie onderwerp gekies het sonder om te weet wat die betekenis van die idioom was. Die meeste kandidate het wel oor selfstandigheid en onafhanklikheid geskryf en dikwels verwys na die manier waarop hulle opgevoed is.

**1.4 Ek hoor die roepstem...**

Minder kandidate het hierdie onderwerp gekies en ongelukkig was nie alle opstelle suksesvol nie. Soms is net aan die einde genoem dat ’n stem gehoor is. Leerders het dikwels na God, bekering en hul gewetes verwys. Die meer kreatiewe kandidate het baie goed gevaar.

**1.5 Tussen treine**

Min kandidate het hierdie onderwerp gekies. Dit het meestal oor verlore liefde en die wonder oor waar die voormalige liefde hom/haar bevind, gehandel.  Baie opstelle was soetsappig en die dood van ’n geliefde was ’n gewilde keuse. Tog het leerders oor die algemeen goed gevaar. Die vaardiger kandidate het hier uitgeblink.

**1.6 Die twee hande met die boom.**

Minder kandidate het hieroor geskryf. Mistastings het gereeld voorgekom en die onderwerp is dikwels verskraal deur net na die hande te verwys. Hier is wel goeie, kreatiewe opstelle, figuurlike en goeie feite-opstelle geskryf. Figuurlike interpretasies was algemeen. Hierdie onderwerp het die moeilikste gemerk omdat die interpretasie-moontlikhede so wyd was. Natuurbewaring, besoedeling en die vernietiging van die aarde is gewoonlik aangespreek.

**1.7 Slot en sleutel**

Hierdie was ’n gewilde keuse. Daar is dikwels liefdesverhale geskryf en ook na die sleutel tot sukses verwys, bv. jou matrieksertifikaat wat vir jou deure oopsluit. Kandidate het gewoonlik baie goeie response gelewer. Geen mistastings het voorgekom nie.

**1.8 Persoon in rolstoel**

Hierdie was ook ’n gewilde keuse en kandidate het meestal goed gevaar. Verhalende opstelle is meestal oor beserings wat tot gevolg gehad het dat die persoon hom-/haarself in ’n rolstoel bevind, geskryf. Opstelle oor die oorsaak van verlamming, die triomfeer oor

moeilike omstandighede en feite-opstelle oor deurbrake op mediese gebied was aan die orde van die dag. Enkele feit-opstelle oor die deurbraak op mediese gebied is ook gelewer. Kandidate het gewoonlik goed gevaar. Soms is in verhalende opstelle net na die vreugde van oorwinning verwys.

**(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by candidates in this question, and any misconceptions.**

**OPSTELLE:**

**1.1 …en toe neem ek die besluit!**

Hierdie was beslis die gewildste onderwerp. Leerders het oor die algemeen redelik goed gevaar. Die meeste leerders het ’n verhalende opstel oor ’n besluit geskryf, bv. om harder te werk, die Here aan te neem, hul geboortedorp te verlaat, beroepskeuses, slegte vriende te vermy, ens. Soms is daar meer as een besluit geneem, die besluit het nie ’n omwenteling veroorsaak nie of in enkele opstelle is geen melding van ’n besluit gemaak nie. Soms is verskeie besluite bespreek.

**1.2 Is dit sosiale selfmoord?**

Hier het leerders soms lelik klei getrap. Oor die algemeen het leerders nie hier goed gevaar nie. Dit is die gevolg daarvan dat hul nie verstaan het wat met “sosiale selfdood” bedoel word nie. Tog was hier ook werklike skeppende opstelle. Soms is daar net oor selfdood oor die algemeen geskryf. Baie aandag is ook aan die invloed van sosiale media gegee. Min kandidate het by verwerping en sosiale isolasie uitgekom. In sommige gevalle is scenario’s geskep en dan gevra of dit sosiale selfmoord was.

**1.3 Ek vlieg met my eie vlerke.**

Hierdie onderwerp het hom geleen tot kreatiewe skryfwerk. Kandidate het dikwels met die woorde: “voëls”, “vlerke” en “vere” gespeel. Ongelukkig was daar ook kandidate wat hierdie onderwerp gekies het sonder om te weet wat die betekenis van die idioom was. Die meeste kandidate het wel oor selfstandigheid en onafhanklikheid geskryf en dikwels verwys na die manier waarop hulle opgevoed is.

**1.4 Ek hoor die roepstem...**

Minder kandidate het hierdie onderwerp gekies en ongelukkig was alle opstelle nie suksesvol nie. Soms is net aan die einde genoem dat ’n stem gehoor is. Hier was baie onoortuigende opstelle.

**1.5 Tussen treine**

Min kandidate het hierdie onderwerp gekies. Die opstelle wat wel aangebied is, was meestal van ’n baie hoë gehalte.

**1.6 Die twee hande met die boom.**

Minder kandidate het hieroor geskryf. Mistastings het gereeld voorgekom en die onderwerp is dikwels verskraal deur net na die hande te verwys. Hierdie onderwerp het die moeilikste

gemerk omdat die interpretasie moontlikhede so wyd was.

**1.7 Slot en sleutel**

Kandidate het gewoonlik baie goeie response gelewer. Geen mistastings het voorgekom nie. Daar is soms ongelukkig net op die hartjie gefokus.

**1.8 Persoon in rolstoel**

Soms is in verhalende opstelle net na die vreugde van oorwinning verwys en nie ook op die rolstoel gefokus nie.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.**

**Omdat Vraestel 3 die meeste punte tel, en dikwels deurslaggewend is om te bepaal of leerders gaan slaag of nie, behoort meer aandag aan die onderrig van stelwerk gegee te word.**

- Onderwysers moet leerders dikwelser die geleentheid gee om te skryf, al word dit nie volgens die JOP verlang nie. Doen eerder meer as net die blote minimum.
- Kandidate moet geleer word om instruksies deeglik te lees en uit te voer. Daar is nog hopeloos te veel kandidate wat net twee stukke skryf. Dikwels word ook nie aan al die fasette van die onderwerp aandag gegee nie.
- Dit was ook opvallend dat daar te veel kandidate was wat nie hul tyd goed beplan en benut het nie. Soms is té veel tyd aan beplanning bestee en kon die finale stuk glad nie voltooi of mee begin word nie.
- Kandidate moet geleer word hoe om onderwerpe te analiseer, te beplan en dan daaroor te skryf.
- Dit kom té dikwels voor dat kandidate nie aan al die aspekte van die onderwerp aandag skenk nie. Kandidate moet met ou vraestelle oefen en leer om aan al die dele van die opdrag aandag te skenk.
- Swakker kandidate moet aangemoedig word om eerder verhalende opstelle te skryf en dan ook oor 'n situasie wat aan hulle bekend is.
- Lang, lomp sinne lei tot growwe foute en veroorsaak dat die kandidate onnodig punte verloor. Daar moet reeds vanaf graad 8 hieraan gewerk word. Die beste leesteken om te gebruik, bly steeds die punt.
- Paragraafbou verdien meer aandag. Daar is steeds skryfstukke wat net uit 'n enkele paragraaf bestaan. Die meeste kandidate gebruik nie paragrawe wat net uit 'n enkele woord of sin bestaan nie. Dit is duidelik dat baie kandidate nie verstaan dat elke nuwe idee 'n nuwe paragreef moet wees nie.
- Onderwysers kan leerders ook laat oefen om net 'n inleidende paragraaf of net 'n slotparagraaf te skryf sodat dit by mekaar pas en die opstel 'n eenheid vorm, bv. deur die titel in die slot te herhaal.
- Daar word te veel frases geskryf – soms herhaaldelik in dieselfde paragraaf.
- Leerders se woordeskat is baie beperk. Algemene woorde en uitdrukkings behoort

voortdurend onderrig te word, bv. *Versorg* i.p.v. *agter jou kyk* jy *open/begin* 'n onderneming *en maak dit nie oop* nie, *mense wat jou afdruk i.p.v. jou benadeel, Jy word... i.p.v. om iets in die lewe te bekom i.p.v word, ...wat die lewe vir jou in stoor het. i.p.v. wat die lewe jou gaan bied.*

- Onderwysers behoort vir leerders die Afrikaans van gewilde Engelse uitdrukkings leer, bv. vir *awesome* , *hi* en *unfriend*. 'n Woordelys kan bygehou word.
- Woordordefoute was algemeen, veral t.o.v. die posisie van die werkwoord. Dit is ook duidelik dat min kandidate kennis dra van: "Tyd, Wyse, Plek."
- Taalgoggas soos: *Ek sê vir myself/ Ek dink by myself* i.p.v*. Ek dink/wonder, In vandag se tyd …,(vandag/tans/nou) Ek dink persoonlik … i.p.v. Ek dink... Ons as mense…i.p.v. Die mense/Ons, Aan die einde van die dag. .i.p.v. Later* , behoort al in die jonger grade uitgeskakel te word.
- Stel die leerders bekend aan uitstekende opstelle en ontleed dit saam met hulle.
- Sommige kandidate benut nie die antwoordboek voldoende nie. Begin elke stuk op 'n nuwe bladsy.
- Leerders moet by die voorgeskrewe lengte hou. Baie leerders het baie lang of baie kort stukke geskryf.
- Bespreek die rubrieke met die kandidate sodat hulle weet waaraan hulle aandag moet skenk.
- Moedig kandidate aan om oorspronkliker te wees. Gee aandag aan die figuurlike en simboliese betekenis van visuele tekste.
- Onderwysers moet kandidate leer dat 'n slot die stuk moet afsluit en saamvat, maar ook soms 'n verrassende hoogtepunt moet wees.
- Sommige kandidate verval in steurende mooiskrywery. Dit moet ontmoedig word. Hierdie opstelle is oorversier en kom onnatuurlik voor. Veral die liefdesverhale was vreeslik soetsappig en voorspelbaar.
- Kandidate moet geleer word hoe om visuele prikkels te interpreteer en oor die volledige prikkel te skryf.
- Leerders moet ernstig ontmoedig word om woorde soos: *awe, bra, chomma, orait, okay,* in die dialoog te gebruik.
- Leestekengebruik moet onderrig word.
- Sommige kandidate dui steeds nie aan watter stukke rofwerk is en watter die finale stuk is nie. Ongelukkig moes die beplanning in sulke stukke gemerk word. Beplanning moet verkieslik deurgehaal word.
- Bly weg van dialoë in opstelle. Te veel leesteken- en paragraaffoute word begaan as dialoë gebruik word.

Dit was opvallend dat leerders toenemend nie kappies op woorde soos *môre, hê* en *sê* gebruik nie.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of candidates and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

- Algemene woorde wat verkeerd gespel word:

| Nog steeds | Te veel | Al weer | Al twee |
|---|---|---|---|
| vandag | Goeiemôre (groet) | vanaand | gevoelens |
| herinnering | Opgewonde | probeer | oukei |
| hallo | definitief | familie | fout |
| Daar's | S'n | Op pad | Huis toe |
| grootte | aangebreek | skoolwerk | verseker |
| Vir seker | Vir ewig (vir altyd) | Verewig | gewoonlik |
| skielik | forseer | matriek | terug |
| vorentoe | stres | suster | beter |
| nogal | onmiddellik | volwassenes | finansieel |
| Regtig/rêrig | tipe | onmoontlik | definitief |
| spyt | sê | vier | orraait |
| kans | watter | eindeksamen | verlede |
| wil | liefhê | teenstand | geniet |
| so | verveeld | vanaand | bekommerd |
| Onthou | Om verskoning | Ombeskof | vervelig |

- Woorde word dikwels verwar: *vir ewig – verewig; waardeer – waardeur; ly/lui/lei; duur – deur: verassing – verrassing;*
- *Van* word steeds in die plek van *want* gebruik.
- *Dit* kom ook steeds in plaas van *het* voor.
- *Daar moet beslis meer aandag aan die onderrig van voornaamwoorde gegee word.*
- SMS-taal word steeds gebruik, bv. *manet (*maar net), *wa (*wat), *kla (*<u>klaar</u>*)*
- Steurende uitdrukkings,bv.
  *In vandag se lewe: Ons as jongmense; My persoonlike opinie; aan die einde van die dag, Ek vat dit nie kop toe nie; Die mense druk jou af; Jy kyk af na iemand; het opgegroei; Hulle het my rug; Jy as persoon...*
- Leerders moet ontmoedig word om hoofletters lukraak in sinne te gebruik.
- Afkortings moenie in opstelle, dialoë, huldeblyke, ens. gebruik te word nie.
- Die verkeerde afkapping van woorde aan die einde van sinne was steurend.
- Engelse aanhalings is nie aanvaarbaar nie, al is dit tussen aanhalingstekens geskryf.
- Eiename word nie tussen aanhalingstekens geskryf nie, al klink dit Engels, bv. Wimpy

- Informele taalgebruik moet tot informele skryfwerk beperk word, bv. *daai* (daardie),
- ***Nie*** word dikwels weggelaat*: Niemand* ***nie****, niks* ***nie****, nooit* ***nie****.*
- *Saam* ***met*** iemand loop, Gesels **met my ma.**
- Voorsetsels word weggelaat, bv. Ek kyk **na** die video. Ek luister **na** die radio. Ek hoop dit gaan goed **met** jou.
- **Was** word meestal verkeerdelik in die verlede tyd in die lydende vorm gebruik, in plaas van **is.**
- Daar kom nie 'n komma na die infinitief nie, bv. om hard te leer is nou noodsaaklik.
- Komma voor *maar en want*
- Eerder *Sy het gesterf i.p.v. Sy is afgesterwe.*
- 'n Komma voor/na aangesprokene se naam in dialoog ontbreek meestal.
- Na *klein* moet 'n verkleinwoord kom, bv. *'n* ***klein*** *boom****pie****.*
- *Verongeluk* beteken die persoon is dood en nie dat hy net ernstig beseer is nie.
- Die gebruik van die lidwoord verdien ook aandag, Op so *'n* jong ouderdom, *'n* bietjie..., *die* mense, *die* meeste, '*n* mens, ens.
- Leerders moet leer wat die verskil tussen *hard/ moeilik/swaar* is.
- Vanjaar was die anglisistiese gebruik van *maak* opvallend, bv. *Jy maak my lag.* Eerder jy *laat* my lag.
- Leerders moet daarteen waak om tussen die eerste en tweede persone rond te val, bv. *Jy* moet die regte besluit maak, want *'n mens* kan benadeel word as jy nie die regte besluit maak nie. *Ek* het besluit om net te doen wat *jou* hart wil hê *jy* moet doen.
- Jy vergelyk jouself met *ander*, nie met *anders* nie.
- *In skok* staar ek ... X *Geskok* staar ek ...
- In Afrikaans is dit *Hoërskool Protea* en nie *Protea Hoërskool* nie.
- Jy geniet die *dans/partytjie/dag* en nie *jouself* nie.
- Ek lees ***D****ie* ***B****ybel.*
- Die besitlike vorm kry nie 'n hoofletter as na God verwys word nie. *God sorg vir* ***s****y kinders.*
- *Op die einde van die dag* = uiteindelik
- *In vandag se tyd/lewe = deesdae*
- *Dinge gaan reg uitdraai = uitwerk*
- *Sleg uitgedraai = sleg verloop*
- Moet nie = moenie
- Maak 'n besluit = neem 'n besluit
- Motorongeluk
- Moeite werk = moeite werd
- Datums word nie voluit geskryf nie, dieselfde met getalle

- Teen alle tye = ten alle tye
- Woorde word soms oorrond, bv. *seuwe* (x sewe)
- *Jule* (x hele)
- *U* word dikwels as ’n hoofletter gebruik wanneer daar na ’n persoon verwys word.
- *Kos* (x kon)
- Die gebruik van *rou* i.p.v. *ongeskik.*
- Die gebruik van *onnooslik*

**QUESTION 2**

**(a) General comment on the performance of Candidates in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

**QUESTION 2**

**TRANSAKSIONELE SKRYFWERK**

**2.1 E-pos**

Hierdie was ’n baie gewilde keuse en die kandidate het oor die algemeen goed in hierdie vraag gevaar. Wat kandidate wel benadeel het, is dat hulle slegs op een of twee van die opsies gefokus het, nie ’n aanbeveling gemaak het nie en/of oor hul eie planne vir volgende jaar geskryf het. Formaatfoute is ook begaan, bv. verkeerde e-posadresse, geen aanhef / groet nie, geen onderwerpreël nie, foutiewe onderwerpreël of nie die e-pos afgesluit nie. Die onderwerp van die opdrag is soms bloot as die onderwerpreël gebruik.

**2.2 Brief aan die pers**

Kandidate het oor die algemeen swak in hierdie onderwerp gevaar. Kandidate is duidelik nie vertroud met hierdie soort skryfstuk nie. Formaatfoute het baie voorgekom. Dikwels is op die negatiewe dinge in Suid-Afrika gefokus en nie op die hoop nie. Soms het die kandidaat die redakteur blameer oor negatiewe berigte oor Suid-Afrika wat in die koerant verskyn het of van die redakteur verwag om die toestande te verbeter. Dit het dikwels die vorm van ’n klagtebrief gehad. Soms is die redakteur selfs gedreig. Kandidate het ook duidelik nie verstaan wat “die pers” is nie.

**2.3 Tydskrifartikel**

Min kandidate het hierdie keuse gemaak. Oor die algemeen het kandidate nie goed gevaar nie. Formaatfoute was algemeen. Min kandidate het raad gegee en net geskryf wat slegte vriende is of bespreek hoe om jou vriende te kies. Die antwoorde het gewoonlik soos opstelle gelyk en nie soos tydskrifartikels nie. Die titel en die skrywer is dikwels weggelaat. Leerders is duidelik nie vertroud met die formaat van ’n tydskrifartikel nie. DIe 4 W’s en 1 H

is nie aangespreek nie.

**2.4 Dialoog**

Hierdie was beslis die gewildste keuse en kandidate het oor die algemeen goed gevaar. Daar het beslis minder sleng voorgekom, maar daar was nog enkele gevalle van "my bestie" of "my bra." Die herhaalde gebruik van aanspreekvorms soos "my vriend" in opeenvolgende spreekbeurte het gepla. Meer as twee sprekers is soms aangetref. Die aanhaling het eers baie laat in die dialoog voorgekom of is glad nie gebruik nie. In enkele gevalle was die geskepte scenario te lank en die "donker" is soms misgekyk.

**2.5 Huldeblyk**

Hierdie was ook 'n gewilde keuse. Kandidate het redelik goed gevaar. Die grootste afwyking was dat dit bloot 'n huldeblyk aan 'n geliefde was wat oorlede is. Soms is ook nagelaat om die maat geluk te wens of is die aanhaling nie gebruik nie. Soms het die huldeblyk meer soos raad aan 'n verjaardagmaat geklink.

**2.6 Informele toespraak**

Hier is groot afwykings aangetref. Die meeste kandidate het glad nie op klein oomblikke gefokus nie, maar bloot 'n motiverende sportpraatjie geskryf. Dit was duidelik dat hulle nie verstaan het wat met "klein oomblikke" bedoel is nie. Die gehoor is dikwels nie gegroet nie.

**(b) Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by candidates in this question, and any misconceptions.**

**1.2**

**-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------**

**QUESTION 2**

**TRANSAKSIONELE SKRYFWERK**

**2.1 E-pos**

Wat kandidate benadeel het, is dat hulle slegs op een of twee van die drie opsies gefokus het, nie 'n aanbeveling gemaak het nie en/of oor hul eie planne vir volgende jaar geskryf het. Formaatfoute is ook begaan, bv. verkeerde e-posadresse, geen aanhef / groet nie, geen onderwerpreël nie, foutiewe onderwerpreël of nie die e-pos afgesluit nie. Die onderwerp van die opdrag is soms bloot as die onderwerpreël gebruik en nie aangepas om by die inhoud te pas nie.

**2.2 Brief aan die pers**

Kandidate het oor die algemeen swak in hierdie onderwerp gevaar. Kandidate is duidelik nie vertroud met hierdie soort skryfstuk nie. Formaatfoute het baie voorgekom. Dikwels is op die negatiewe dinge in Suid-Afrika gefokus en nie op die hoop nie. Soms het die kandidaat die redakteur blameer oor negatiewe berigte oor Suid-Afrika wat in die koerant verskyn het of van die redakteur verwag om die toestande te verbeter. Dit het dikwels die vorm van 'n klagtebrief gehad. Kandidate het ook duidelik nie verstaan wat "die pers" is

nie.

**2.3 Tydskrifartikel**

Min kandidate het hierdie keuse gemaak. Oor die algemeen het kandidate nie goed gevaar nie. Formaatfoute was algemeen. Min kandidate het raad gegee en net wat slegte vriende is, of hoe om jou vriende te kies bespreek. Die antwoorde het gewoonlik soos opstelle gelyk en nie soos tydskrifartikels nie. Die titel en die skrywer is dikwels weggelaat. Leerders is duidelik nie vertroud met die formaat van 'n tydskrifartikel nie. DIe 4 W's en 1 H is nie aangespreek nie.

**2.4 Dialoog**

Daar was nog enkele gevalle van "my bestie" of "my bra." Die herhaalde gebruik van aanspreekvorms soos "my vriend" en "my broer" in opeenvolgende spreekbeurte het gepla. Meer as twee sprekers is soms aangetref, die aanhaling het eers baie laat in die dialoog voorgekom of is glad nie gebruik nie. In enkele gevalle was die geskepte scenario te lank en die "donker" is soms misgekyk.

**2.5 Huldeblyk**

Die grootste afwyking was dat dit bloot 'n huldeblyk aan 'n geliefde was wat oorlede is. Soms is ook nagelaat om die maat geluk te wens of is die aanhaling nie gebruik nie. Soms het die huldeblyk meer soos raad aan 'n verjaardagmaat geklink.

**2.6 Informele toespraak**

Hier is groot afwykings aangetref. Die meeste kandidate het glad nie op klein oomblikke gefokus nie,maar bloot 'n motiverende sportpraatjie geskryf. Dit was duidelik dat hulle nie verstaan het wat met "klein oomblikke" bedoel is nie. Die gehoor is dikwels nie gegroet nie.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.**

**Omdat Vraestel 3 die meeste punte tel, en dikwels deurslaggewend is om te bepaal of leerders gaan slaag of nie, behoort meer aandag aan die onderrig van stelwerk gegee te word.**

- Onderwysers moet leerders dikwelser die geleentheid gee om te skryf, al word dit nie volgens die JOP verlang nie. Doen eerder meer as net die blote minimum.
- Kandidate moet geleer word om instruksies deeglik te lees en uit te voer. Daar is nog hopeloos te veel kandidate wat net twee stukke skryf. Dikwels word ook nie aan al die fasette van die onderwerp aandag gegee nie.
- Dit was ook opvallend dat daar te veel kandidate was wat nie hul tyd goed beplan en benut het nie. Soms is té veel tyd aan beplanning bestee en kon die finale stuk glad nie voltooi of mee begin word nie.
- Kandidate moet geleer word hoe om onderwerpe te analiseer, te beplan en dan daaroor te skryf.
- Dit kom té dikwels voor dat kandidate nie aan al die aspekte van die onderwerp aandag

skenk nie. Kandidate moet met ou vraestelle oefen en leer om aan al die dele van die opdrag aandag te skenk.

- Lang, lomp sinne lei tot growwe foute en veroorsaak dat die kandidate onnodig punte verloor. Daar moet reeds vanaf graad 8 hieraan gewerk word. Die beste leesteken om te gebruik, bly steeds die punt.
- Paragraafbou verdien meer aandag. Daar is steeds skryfstukke wat net uit 'n enkele paragraaf bestaan. Die meeste kandidate gebruik nie paragrawe wat net uit 'n enkele woord of sin bestaan nie. Dit is duidelik dat baie kandidate nie verstaan dat elke nuwe idee 'n nuwe paragreef moet wees nie
- Kandidate moet onderrig word watter toon, register en styl by watter genre transaksionele tekste behoort.
- Leerders ken steeds nie die formaat van 'n brief aan die pers nie.
- Die tweede adres van die brief aan die pers was dikwels foutief omdat nie aan die redakteur geskryf is nie en die publikasie se naam nie genoem is nie. Dikwels is dit aan *"Die Pers"* gerig.
- Leerders verwag dat die redakteur iets aan 'n klagte moet doen terwyl hy/sy tog bloot die brief as 'n mening kan plaas.
- Daar word te veel frases geskryf – soms herhaaldelik in dieselfde paragraaf.
- Leerders se woordeskat is baie beperk. Algemene woorde en uitdrukkings behoort voortdurend onderrig te word, bv. *Versorg* i.p.v. *agter jou kyk* jy *open/begin* 'n onderneming *en maak dit <u>nie</u> oop* nie, *mense wat jou afdruk i.p.v. jou benadeel, Jy word... i.p.v. om iets in die lewe te bekom i.p.v word, ...wat die lewe vir jou in stoor het. i.p.v. wat die lewe jou gaan bied.*
- Onderwysers behoort vir leerders die Afrikaans van gewilde Engelse uitdrukkings leer, bv. vir *awesome* , *hi* en *unfriend*. 'n Woordelys kan bygehou word.
- Woordordefoute was algemeen, veral t.o.v. die posisie van die werkwoord. Dit is ook duidelik dat min kandidate kennis dra van: "Tyd, Wyse, Plek."
- Taalgoggas soos: *Ek sê vir myself/ Ek dink by myself* i.p.v. *Ek dink/wonder, In vandag se tyd …,(vandag/tans/nou) Ek dink persoonlik … i.p.v. Ek dink... Ons as mense…i.p.v. Die mense/Ons, Aan die einde van die dag. .i.p.v. Later* , behoort al in die jonger grade uitgeskakel te word.
- Stel die leerders bekend aan uitstekende stukke en ontleed dit saam met hulle.
- Sommige kandidate benut nie die antwoordboek voldoende nie. Begin elke stuk op 'n nuwe bladsy.
- Leerders moet by die voorgeskrewe lengte hou. Baie leerders het baie lang of baie kort stukke geskryf.
- Bespreek die rubrieke met die kandidate sodat hulle weet waaraan hulle aandag moet skenk.

- Leerders moet ernstig ontmoedig word om woorde soos: *awe, bra, chomma, orait, okay,* in die dialoog te gebruik.
- Leestekengebruik moet onderrig word.
- Sommige kandidate dui steeds nie aan watter stukke rofwerk is en watter die finale stuk is nie. Ongelukkig moes die beplanning in sulke stukke gemerk word. Beplanning moet verkieslik deurgehaal word.
- Om akkuraatheid te verseker moet kandidate eerder eenvoudige adresse gebruik. Die brief word tog nie regtig gepos nie.
- Bly weg van dialoë in opstelle. Te veel leesteken- en paragraaffoute word begaan as dialoë gebruik word.

Dit was opvallend dat leerders toenemend nie kappies op woorde soos *môre, hê* en *sê* gebruik nie.

**(d )Describe any other specific observations relating to responses of candidates and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

- Algemene woorde wat verkeerd gespel word:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Nog steeds | Te veel | Al weer | Al twee |
| vandag | Goeiemôre (groet) | vanaand | gevoelens |
| herinnering | Opgewonde | probeer | oukei |
| hallo | definitief | familie | fout |
| Daar's | S'n | Op pad | Huis toe |
| grootte | aangebreek | skoolwerk | verseker |
| Vir seker | Vir ewig (vir altyd) | Verewig | gewoonlik |
| skielik | forseer | matriek | terug |
| vorentoe | stres | suster | beter |
| nogal | onmiddellik | volwassenes | finansieel |
| Regtig/rêrig | tipe | onmoontlik | definitief |
| spyt | sê | vier | orraait |
| kans | watter | eindeksamen | verlede |
| wil | liefhê | teenstand | geniet |
| so | verveeld | vanaand | bekommerd |
| Onthou | Om verskoning | Ombeskof | vervelig |

- Woorde word dikwels verwar: *vir ewig – verewig; waardeer – waardeur; ly/lui/lei; duur – deur: verassing – verrassing;*
- *Van* word steeds in die plek van *want* gebruik.
- *Dit* kom ook steeds in plaas van *het* voor.
- *Daar moet beslis meer aandag aan die onderrig van voornaamwoorde gegee word.*
- SMS-taal word steeds gebruik, bv. *manet (*maar net), *wa (*wat), *kla (*klaar)
- Steurende uitdrukkings,bv.

*In vandag se lewe: Ons as jongmense; My persoonlike opinie; aan die einde van die dag, Ek vat dit nie kop toe nie; Die mense druk jou af; Jy kyk af na iemand; het opgegroei; Hulle het my rug; Jy as persoon...*

- In huldeblyke wat gelewer word en toesprake moet die aanhoorders aangespreek/gegroet word.
  Hierdie skryfstukke het ook meestal nie 'n gepaste afsluiting gehad nie.
- Die onderwerpsin in formele briewe moet onderstreep word of in hoofletters geskryf word.
- Die brief aan die pers se aangesprokene is nie *Die Pers* nie.
- Leerders moet ontmoedig word om hoofletters lukraak in sinne te gebruik.
- Afkortings moenie in opstelle, dialoë, huldeblyke, ens. gebruik te word nie.
- Die verkeerde afkapping van woorde aan die einde van sinne was steurend.
- Engelse aanhalings is nie aanvaarbaar nie, al is dit tussen aanhalingstekens geskryf.
- Eiename word nie tussen aanhalingstekens geskryf nie, al klink dit Engels, bv. Wimpy
- Informele taalgebruik moet tot informele skryfwerk beperk word, bv. *daai* (daardie),
- ***Nie*** word dikwels weggelaat*: Niemand **nie**, niks **nie**, nooit **nie**.*
- *Saam **met*** iemand loop, Gesels **met my ma.**
- Voorsetsels word weggelaat, bv. Ek kyk **na** die video. Ek luister **na** die radio. Ek hoop dit gaan goed **met** jou.
- **Was** word meestal verkeerdelik in die verlede tyd in die lydende vorm gebruik, in plaas van **is.**
- Daar kom nie 'n komma na die infinitief nie, bv. om hard te leer is nou noodsaaklik.
- Komma voor *maar en want*
- **Stuur groete** is foutief. Gebruik eerder: Sê groete.
- Eerder *Sy het gesterf i.p.v. Sy is afgesterwe.*
- 'n Komma voor/na aangesprokene se naam in dialoog ontbreek meestal.
- Na *klein* moet 'n verkleinwoord kom, bv. *'n **klein** boom**pie**.*
- *Verongeluk* beteken die persoon is dood en nie dat hy net ernstig beseer is nie.
- Die gebruik van die lidwoord verdien ook aandag, Op so *'n* jong ouderdom, *'n* bietjie..., *die* mense, *die* meeste, '*n* mens, ens.
- Leerders moet leer wat die verskil tussen *hard/ moeilik/swaar* is.
- Vanjaar was die anglisistiese gebruik van *maak* opvallend, bv. *Jy maak my lag.* Eerder jy *laat* my lag.
- Aanhalingstekens by dialoë het steeds voorgekom. In 'n dialoog moet daar net twee sprekers wees. Daar was soms selfs vier.

- Leerders moet daarteen waak om tussen die eerste en tweede persone rond te val, bv. *Jy* moet die regte besluit maak, want *'n mens* kan benadeel word as jy nie die regte besluit maak nie. *Ek* het besluit om net te doen wat *jou* hart wil hê *jy* moet doen.
- Jy vergelyk jouself met *ander*, nie met *anders* nie.
- *In skok* staar ek ... X *Geskok* staar ek ...
- In Afrikaans is dit *Hoërskool Protea* en nie *Protea Hoërskool* nie.
- Jy geniet die *dans/partytjie/dag* en nie *jouself* nie.
- Ek lees ***D**ie **B**ybel.*
- Die besitlike vorm kry nie 'n hoofletter as na God verwys word nie. *God sorg vir **s**y kinders.*
- *Op die einde van die dag* = uiteindelik
- *In vandag se tyd/lewe = deesdae*
- *Dinge gaan reg uitdraai = uitwerk*
- *Sleg uitgedraai = sleg verloop*
- Moet nie = moenie
- Maak 'n besluit = neem 'n besluit
- Motorongeluk
- Moeite werk = moeite werd
- Datums word nie voluit geskryf nie, dieselfde met getalle
- Teen alle tye = ten alle tye
- Woorde word soms oorrond, bv. *seuwe* (x sewe)
- *Jule* (x hele)
- *U* word dikwels as 'n hoofletter gebruik wanneer daar na 'n persoon verwys word.
- *Kos* (x kon)
- Die gebruik van *rou* i.p.v. *ongeskik.*
- Die gebruik van *onnooslik*